DIT KORT 'N HARTSVERANDERING

CECILE CILLIERS

Dit is knap voor tien, Donderdagoggend 28 Augustus 2003 en ek sit en luister na die kerknuus oor die Afrikaanse sender. Magdaleen Kruger is aan die woord: Ten spyte daarvan dat al die ampte in die NG Kerk reeds geruime tyd vir vroue oop is, weet sy te vertel, toon onlangse opnames dat vroue in die meeste van die sinodale streke nog steeds baie swak verteenwoordiging geniet, in sowel die kerkrade as in sinodale dienskomitees. Vrouebywoning van die streeksinodes het ook baie afgeneem.

Ek het met 'n mate van wrewel die radio afgeskakel. Waar bly die vroue dan?

Dis die vroulike geslag wat Sondae die kerke vol sit; dis hulle wat doelgerig aan 'n verdieping van hul geestelike lewe werk; hulle maak die kinders groot en lei hulle tot geloof en (meer prosaïes miskien) staan hulle agter die koektafels om die geld in te samel waarmee die kerk haar sake bedryf. Maar die vrou self het skynbaar geen verteenwoordiging of insette as daar oor die besteding van daardie fondse besluit moet word nie. En ten spyte daarvan dat dit háár knie is waaraan haar seuns leer bid het, is dit sonder haar dat hulle op sinodale vlak die besluite (geestelik en ordelik) ter wille van die kerk neem.

Daar is wel kampvegters vir die saak van die vrou in die kerk. By 'n simposium in Port Elizabeth het Piet Naudé meeslepend gepleit vir 'n nuwe leksikon wat God ook in vroulike terme sou beskryf, om die vrou só groter besitreg op haar Moedergod te gee.

Op meer praktiese vlak het Freek Swanepoel die Algemene Sinode daartoe gebring (gedwing, miskien) om vroue op die Algemene Sinodale Kommissie te laat dien. In Johann Symington se Engelse NG gemeente in Johannesburg was die leierouderling jare lank 'n vrou.

Maar dit was reeds in die negentigerjare. Ons staan nou al in die tweede helfte van die jaar 2003, en vroue het eintlik nog nêrens in die kerk 'n stem nie. Ja, daar is vroue-professor in die teologie, en ja, daar dien vroue op die ASK, maar as daar werk uitgedeel word, kry hulle die vroue-portefeulje, of barmhartigheid of kindersake. Vir hulle geestelike vermoë kry hulle weinig krediet.

'n Onlangse berig uit Beeld hierdie week lui dat die sinode van Oos-Transvaal 'n afvaardiging van agt vroue na die Algemene Sinode gaan stuur. Een vrouepredikant en sewe ouderlinge. Lofwaardig, inderdaad. Maar is dit genoeg? Is dit genoeg om werklike vroueverteenwoordiging by die Algemene Sinode te verseker? Daar moet eerder uit elke gemeente ten minste een vrou na die sinode gestuur word, en liefs 'n vrouepredikant – maar gesien die skrale teenwoordigheid van vroueteoloë, sal dit maar moeilik gaan.

Want solank daar so min vrouepredikante in die bediening is, sal die mans in die sinodes in algehele beheer bly.

Tog is dit noodsaaklik dat die stem van die vrou in die kerk gehoor word. In ons verskriklike tyd van moord en doodslag, van geweld en bittere onenigheid, van oorloë en gerugte van oorloë, is dit die vroue wat die gesigte sien en die drome droom.

> Dis hulle
> wat die
> vredemakers
> is, wat die
> wonde verbind
> en bid
> om vergifnis.

Dis hulle wat vreesloos die liefdesuitdaging van Christus aanvaar en daarvolgens probeer leef.

Maar in kerkgeledere bly haar stem stil, want daar word sy wel as versorger gesien, maar nie as beplanner nie. Sy word gesien as tuisteskepper, maar nie beleidmaker nie, as opvoeder, maar nie besluitnemer nie.

> En tog
> het sy
> bekwaamhede,
> magte en vermoëns
> waarvan ons die
> name nog nie
> eers ken nie

Sy het gesag wat nog benoem moet word. Ons kort 'n nuwe woordeskat om die vrou te beskryf.

Maar ons kort ook vir haar 'n herinterpretasie van die Bybel: 'n nuwe weergawe wat ook haar blikhoek sal insluit. 'n Herinterpretasie wat haar sal verlos van die sondekruis van Eva en die reinheidswette van die Ou Testament, en haar sal sien as die bevryde beminde van Jesus Christus self.

In al sy ontmoetings met vroue het Jesus die vooropgesette idees oor die vrou een na die ander afgestroop: Maria kon aan sy voete sit en leer, al was die Torah vir vroue verbode; die vrou met die bloedvloeiing kon ten spyte van haar onreinheid aan Hom raak om genees te word; Maria Magdalena kon met los hare in mansgeselskap verskyn en haar daar ter wille van Hom laat geld; die Kanaänitiese vrou kon met Hom in argument tree oor broodkrummels en honde, en Hy gee haar bes. Selfs moederskap, die heilige einddoel van vroue in die Bybel word deur Jesus tersyde gestel: meer bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou . . .

> Deur Hom
> word vroue
> volwaardige
> mense,
> nie langer
> onderworpe aan
> hul seksualiteit
> of huwelikstaat
> of omgewing nie,
> maar volkome
> bevry in Hom.

Om doelbewus aan vroue in die kerk "reg" te laat geskied is nie genoeg nie, om toe te gee aan sekulêre druk en arbeidswette ook nie.

> Daar moet besef word
> dat die vrou
> 'n waardevolle stem het,
> 'n stem wat groot
> veranderinge in die kerk
> te weeg kan bring,
> en daarom gehoor
> móét word.

Dít kort 'n heel nuwe benadering. Op die keper is dit die hart wat moet verander.